

Postmasburg 19 Desember 2021

Skriflesing: Lukas 2:25-35; Romeine 9:30- 10:13

Teks: **Lukas 2:34; Romeine 9:33; 10:11**

Sing- **VOORAF SANG: Ps. 84:3,4**

TYDENS EREDIENS: Ps. 118:1,2; Ps. 19:6; Ps. 20:1,2; Ps. 118:11

Lukas 2:25-35

Luk 2:25 Daar het destyds 'n man met die naam Simeon in Jerusalem gewoon. Hy was getrou aan die wet en vroom, en het uitgesien na die koms van die Verlosser van Israel. Die Heilige Gees was op Simeon

Luk 2:26 en het aan hom bekend gemaak dat hy nie sou sterwe voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie.

Luk 2:27 Deur die Gees gelei, het hy opgegaan na die tempel toe. Toe die ouers die Kindjie Jesus bring om vir Hom die gebruikelike bepaling van die wet na te kom,

Luk 2:28 het Simeon Hom in sy arms geneem en God geprys en gesê:

Luk 2:29 "Here, laat u dienaar nou in vrede gaan volgens u woord,

Luk 2:30 omdat my oë u verlossing gesien het

Luk 2:31 wat U gereed gemaak het voor die oë van al die volke:

Luk 2:32 'n lig tot verligting van die nasies en tot eer van u volk Israel."

Luk 2:33 Sy vader en moeder was verwonderd oor die dinge wat van Hom gesê is.

Luk 2:34 Simeon het hulle geseën en vir Maria, sy moeder, gesê: "Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word.

Luk 2:35 So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan."

Romeine 9:30- 10:13

Rom 9:30 Wat is nou ons gevolgtrekking? Dít: heidene het nie God se vryspraak gesoek nie, maar dit wel gekry – die vryspraak deur die geloof.

Rom 9:31 Israel, daarenteen, het 'n wet gesoek waardeur hulle God se vryspraak sou kon kry, maar by so 'n wet het hulle nie uitgekóm nie.

Rom 9:32 Waarom kon hulle nie die vryspraak kry nie? Omdat hulle nie op die geloof wou bou nie, maar op hulle eie prestasies. Hulle het oor die struikelblok gestruikel

Rom 9:33 waarvan daar geskrywe staan: "Kyk, Ek sit in Sion 'n klip neer waaroor 'n mens struikel, 'n rots waarteen jy jou stamp, maar wie in Hom glo, sal nie teleurgestel word nie."

Rom 10:1 Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word,

Rom 10:2 want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig.

Rom 10:3 Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Hulle wil niks van God se manier van vryspraak weet nie; hulle probeer dit op hulle eie manier kry.

Rom 10:4 Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word.

Rom 10:5 Moses skryf naamlik van die vryspraak op grond van wetsonderhouding dat die mens wat doen wat die wet beveel, daardeur sal lewe.

Rom 10:6 Maar van die vryspraak deur die geloof sê hy: "Moenie by jouself sê: "Wie sal na die hemel toe opklím?" nie," dit is, om Christus af te bring,

Rom 10:7 "of: "Wie sal na die onderaardse diepte toe afdaal?" nie," dit is, om Christus uit die dood terug te bring.

Rom 10:8 Nee, die Skrif sê: "Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart." En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig:

Rom 10:9 As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.

Rom 10:10 Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.

Rom 10:11 Die Skrif sê tog: "Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie."

Rom 10:12 "Niemand nie!" Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik,

Rom 10:13 want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Skriflesing: Lukas 2:25-35; Romeine 9:30- 10:13

Teks: **Lukas 2:34; Romeine 9:33; 10:11**

Sing- **VOORAF SANG: Ps. 84:3,4**

TYDENS EREDIENS: Ps. 118:1,2; Ps. 19:6; Ps. 20:1,2; Ps. 118:11

Broeder en suster- Ons is weer in die naderende Kerstyd. Vir almal moet Kersfees gaan oor 'n kindjie wat gebore is. God se kind, ja om te dink God in 'n krip is 'n gedagte wat jou en my nie maklik mag los nie! Die eerste van hierdie gebeure bring ons ook in Bethlehem. Terwyl ons in Bethlehem kom is dit werklik 'n geval van ons staan nog met die een been in Bethlehem dan moet ons met die ander been reeds na Golgota toe loop. Die krip en die kruis kan nooit van mekaar geskei word nie. Wat ons in die woorde van God se Woord vandag hoor dat die krip in Bethlehem nie maar 'n mooi verhaal van 'n babatjie wat gebore is, alles in doeke toegedraai ons wil aanbied nie. Selfs moet ons weet die doeke waarin Maria haar kindjie toedraai as sy Hom die krip neerlê en die doeke netjies opgevou as Christus sy graf netjies agtergelaat het, staan in lyn met mekaar.

As ons hierdie verbande mis, ons beseft nie dat Christus se koms soos in die lied van Simeon gesing, te doen het met 'n val en 'n opstanding, daarvoor is die Kind bestem... Simeon se lied stel dit dat hier het ons te doen *met 'n teken wat weerspreek sal word*. Vir Maria word dit gesê dat sou sy by die krip na die Kind kyk, dan moet sy weet die tyd gaan kom dat 'n swaard deur haar siel sal gaan.

Ons kan hierdie dinge wat hier gesê word, nie mis nie, nie van mekaar skei nie, ja in die naderende Kerstyd, moet ons die woorde in Romeine 9 vers 33 en Romeine 10 vers 11 duidelik hoor. Eers Romeine 9 - *Kyk, Ek sit in Sion 'n klip neer waaroor 'n mens struikel, 'n rots waarteen jy jou stamp...* Ons beseft dat Christus se koms het te doen met 'n klip wat in Sion neergesit is, sodanig jy sal daarvoor kan struikel, jy sal jou daarteen stamp. As ons dit in ons eie woorde kan oorsit, dan beseft ons Kersfees kan soos 'n landmyn ontplof, dit moet eintlik soos 'n landmyn ontplof. Daar is iets van 'n lokval gestel, as jy Christus nie waarlik sien en bely en glo, vir Wie Hy is en waarvoor Hy na hierdie wêreld gekom het nie, dan is die koms van Christus soos 'n groot lokval, soos 'n groot klip in jou pad neergesit, waarteen so baie mense hulle een of ander tyd baie hard gaan stamp, ja vir sommige kan dit dalk dan selfs te laat wees. In Bethlehem is daar die teken wat mense sal wil weerspreek, maar ons moet reguit praat, nie God se Woord weerspreek nie, ook nie mekaar in die besondere tyd weerspreek nie.

Kom ons gaan haal die verhaal by die klip wat in alle geval die krip bevat. Daar is op baie bouterreine in Israel al opgrawings gedoen, waar geboue nou onder die grond begrawe weer

oopgegrawe word. Die klippe soos hulle ingebou was word oopgemaak, maar nou gebeur dit wel soos mense die terrein al groter oopgrou sien hulle daar eenkant 'n groot rotsblok lê. Daar is nie baie lank gelede nie weer so 'n groot rots ontdek en nogal duidelik staan op die rots geskryf, lyk vir die geleerdes na Aramees dat in ons taal oorvertaal beteken dit AFGEKEUR...

Dit laat dadelik die gedagtes weer na Psalm 118 uitgaan, waar daar ook sprake is van 'n steen wat die bouers verwerp het. U mag dalk onthou verlede Sondag was ons by die stilte op die tempelperseel. Hoe elke klip daar in die berge al reg gekap, gemeet en afgewerk was dat as dit by die bouperseel kom daar by die tempel stilte moet wees. Vandag gaan die gedagtes tog nog 'n entjie vêrder. Terwyl die manne aan die bou was, dan kry hulle tog te make met die klip wat nie wil saamwerk nie. Dit is hard en grof, die kante is nie mooi nie, dit wil net nie lekker in hulle bouwerk inpas nie, daarom word op hierdie klip geskryf te lelik, afgekeur, in stilte word die klip verwerp want die geluid van yster mog nie op die tempelperseel gehoor word nie. Die klip is stilletjies weggegooi...

Die verhaal van so 'n klip vertel eintlik profeties die verhaal wat die klip en die krip bymekaarbring. *'n Teken wat weerspreek sal word*, 'n rots wat nie wil inpas nie, 'n steen van aanstoot, 'n rots van struikeling. In die begin was die teken van Christus se koms vir die herders uitgespel- daardie omvangryke engelekoor gee die teken, ons kan dit seker ook noem die aanwysings- die engele sê- *12 En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê*. Let wel, dit gaan om 'n teken... Toe was dit nog geen weerspreekte teken nie, trouens na die engel die koördinate na die krip trek, die grade en minute word deur die doeke geteken, toe bars daar 'n menigte engele in wat as hemelse leërskaars beskryf word- en God in Christus word besing- *14 "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehag het!"*

Maar nou praat Simeon van 'n weerspreekte teken, van 'n swaard wat sal deursteek, ons hoor van 'n steen deur die bouers verwerp, 'n rots van struikeling, dit alles wat nie van die geboorte en die koms van Christus geskei kan word nie. Psalm 118 besing profeties dit alles deur te sê- *22 Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword.*

Wat moet ons hier dink, broeder en suster, wat moet ons hiervan maak? Daar is 'n lokval in jou lewe gestel, ja of soos wildvangers dit doen, daar is 'n opvanghok, wat die ingang al in Bethlehem oopgemaak is en soos jy met jou lewe aangaan, moet Christus jou opvanghok wees. Simeon sê in sy lied- *hierdie Kindjie is bestem*, m.a.w. hy is neergeplaas, hy is opgestel, hy is daargestel, *tot 'n val en 'n opstanding vir baie in Israel.... en tot 'n teken wat weerspreek sal word.*

Die afgekeurde klip, word nou 'n lokval gemaak, maar alles in die goeie sin van wat God met jou en my wil maak. Ons sal ons nie kan losmaak van die val wat daar in ons lewe ook moet plaasvind nie. As jy nie weet wat dit is om hard te val nie, sal jy nooit leer, sal jy ook nie insien en weet hoe belangrik dit is om wel ook weer op te staan nie. Niks hiervan kan in eie krag gebeur nie.

As Christus nie vir jou 'n val beteken nie, dan het jy nog nie waarlik by Christus uitgekom nie. Die Christus wat in Bethlehem gebore is, die Christus moet jou en my val beteken. Hoe baie mense dink Kersfees gaan oor mooi liggies en blink papier en geskenkies en allerhande sentimenteel aardse dingetjies en woorde, pasop vir hierdie romantiek! As Kersfees nie iets van 'n val in jou lewe bring nie, dan het jy nog nooit reg Kersfees gevier nie! Ons moet so hard val dat ons eintlik soos daardie afgekeurde klip eenkant op die bouterrein weggegooi mag voel, wat God dan moet verander. God moet al die veranderinge aanbring, voordat ek en jy die bouverseel ingebring mag word. Dit voor ons ingepas kan word.

Wie Romeine 9 lees, waar dit dan spesifiek staan die val en opstaan het te doen *met 'n klip waaroor 'n mens struikel, 'n rots waarteen jy jou stamp* dan geld dit in die eerste plek vir die Jode, vir hulle met wie Paulus spesifiek in Romeine 9 mee praat. Die Jode het die teken eerste weerspreek, eerste is hulle diegene wat hard moes val.

Nou kan ons egter vandag verder gaan deur nie net van ons val te praat nie, maar ook van opstaan. Die Kersverhaal, die lied van Simeon sing dit presies só- *hierdie Kind is bestemd tot 'n val en 'n opstanding....* Eers die val, ja Paulus is seker die beste voorbeeld. Christus wat nie by jou eie gedagtes inpas nie, die sisteme waarbinne ek myself handhaaf, soos Paulus gedoen het, as Fariseër het hy geglo, my godsdiens eis van my wetsgehoorsaamheid, die wet maak salig, daarom doen die wet dan word jy salig, ek kan God beïndruk, ek kan God wys hoe belangrik ek is, alles dinge waarin Christus nie inpas nie. Dinge waarin Christus die

verwerpte klip is, al is die krip daar, maar Christus beteken nie veel vir my nie, op die klip staan dalk nog geskryf- AFGEKEUR...VERWERP. Jy val oor Hom, al wil jy Hom dalk daar eenkant gooi, want het Paulus die woorde van die lied van Simeon nie kon ontvlug nie. Dieselfde klip wat jou opstaan kan bewerk, dieselfde klip wat ons later so treffend in Romeine van lees-.... *elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie*. Die 1983-Vertaling stel dit- *wie in Hom glo, sal nie teleurgestel word nie*.

Voor ons by hierdie geloof kan kom, wat die klip en die krip verbind, ja die geloof wat nie beskaam nie, mag Christus hierdie Kerstyd uitstaan, meer as 'n gekommersialiseerde gebruiksartikel, wat die wêreld mee wil geld maak, die tonele van liggies en kersies en skape en herders en wyse manne alles so skeef toegepas en heeltemal in winkelstyle verpak, oor daardie klomp onnodige bokse van Kersfees moet ons van wegstap, ons bring die klip en die krip bymekaar. Ons kan nie Kersfees vier, ja u kan nie Kersfees vier, as Christus nie vir jou en my 'n val is nie. Oor Hom moet ek val en moet ek grond toe kom, gestroop van hoogmoed en eiewaan en ek wat dink ek so baie in hierdie wêreld beteken.

My opstaan vanaf hierdie klip, vanaf hierdie krip, is om alreeds oor die krip die skadu van die kruis van Christus te sien. Die kruis wat vir die wêreld nog altyd simbool was van iets baie erg, baie verskriklik, so erg, een skrywer en filosoof wat voor die koms van Christus na hierdie wêreld al geskryf het, 'n man met die naam Cicero, oorlede 43vC, het gesê dat 'n Romein praat nie oor die kruis nie. Dit is net eenvoudig iets te skandelik om oor te praat, jy besoedel jouself nie daarmee nie. Jy moet dit uit jou gedagtes wegwerk. Dit impliseer die dood wat niemand hom mag indink nie, dit is eintlik die teken van totale mislukking.

Tog het Christus dit moes deurgaen. Die kruis in al die afskuwelike wat daarmee gebind was en gebind is. Dit wat vir die wêreld gelyk het Christus se grootste val moes wees, Hy sal dit nie kan oorwin nie. Tog het die klip in die sin, daar aan die kruis verwerp, het Hy die Hoeksteen geword. Christus het uit die dood opgestaan. Hy rol die klip voor sy eie graf weg. Niemand in die Kerk van Christus mag belangriker wees as Christus Self nie. Hy die Hoof van sy Kerk. In Hom, net in Hom, Hy ons val en ons opstaan, sal ons Saterdag Kersfees mag vier. As jy in Hom geval het, mag jy na Kersfees uitsien, mag ons weet- *elkeen wat in Hom glo sal nie beskaam word nie... wie in Hom glo, sal nie teleurgestel word nie*. Hy wat jou en my opstanding is. Om te mag opstaan uit die dood van die wêreld. Deur die Heilige Gees dit te mag uitroep- *Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my...* Mag daar by hierdie Kersfees,

Postmasburg 19 Desember 2021

ons Christusfees net die een ambisie leef- om Christus met jou hele wese te verheerlik. Dit in lewe en in sterwe.

AMEN